

# ST. NINA

## 15 DESEMBER

(sterf c. 340)



Die koms van die Christelike geloof na Georgië word toegeskryf aan 'n jong slavinnetjie genaamd Nina. Oor haar herkoms is min bekend, maar dit was as slavin dat sy na die destydse heidense Georgië gebring is. Gou het mense agterkom dat daar iets merkwaardigs omtrent dié meisie was. Ten spyte van haar haglike situasie was sy altyd opgeruimd en vrolik en het sy selfs vreugde uit haar slawewerk geput. In die bietjie vrye tyd wat haar toegestaan is, was sy altyd êrens aan die bid. Mense het begin om haar voorbedding te vra en dit blyk spoedig dat haar gebede verhoor word. So kon sy die Evangelie verkondig en binnekort was die belangstelling so groot dat die koning 'n gesant na die Christelike Romeinse keiser Konstantyn gestuur het en hom gevra het om priesters na Georgië te stuur. Die koning het ook die eerste kerk in Georgië laat bou en so het die Christelike geloof diep wortels in dié land geskiet.